



**NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS  
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY**

JG 33, NR 2  
VOL 33, NO 2

Desember 2016  
December 2016

## NEWS/NUUS

In die geskiedenis van die meeste organisasies vind daar van tyd tot tyd 'n verandering plaas wat van besondere belang is. Om aan te pas en in lyn te kom met die kommunikasiemetodes van die een-en-twintigste eeu het die Raad besluit om die nuusbrieff in die toekoms elektronies te stuur. Die bal is ook aan die rol om die SAVK internetplatform te ontwikkel wat relevant en toeganklik is vir ons lede en op sekere vlakke vir die groter publiek. Hierdie stap is welkom en 'n poging om die organisasie en sy lede in 'n nuwe wentelbaan te plaas.

Claudia Gouws

[claudiagws@mweb.co.za](mailto:claudiagws@mweb.co.za)

“Search in the past for all that is good and beautiful, make it your ideal and build on it your future”

## NUUS UIT DIE RAAD

Prof Mathilda Burden het bevestig dat die nasionale kongres van die SAVK vir 2016 van 27 – 28 Mei in Potchefstroom plaasgevind het. Tydens die kongres is die jaarlikse raadsvergadering en die Algemene Jaarvergadering ook gehou. Die belangrikste besprekingspunt by die raadsvergadering was die administrasie en bestuur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Die raad wil graag die redakteur en die res van die redaksie ondersteun om 'n tydskrif daar te stel wat so goed as moontlik aan alle akademiese vereistes voldoen, en wat terselfdertyd nie heeltemal los sal raak van die vereniging nie, want saam met die kongresse is die tydskrif die hartklop van die SAVK.

Voor die kongres het lede gestem vir 'n nuwe raad, wat soos volg lyk:

Voorsitter:	Matilda Burden (Stellenbosch)	<a href="mailto:mb4@sun.ac.za">mb4@sun.ac.za</a>	082 771 8278
Ondervoorsitter:	Marianna Botes (Bloemfontein)	<a href="mailto:mbotes@nasmus.co.za">mbotes@nasmus.co.za</a>	083 264 2710
Sekretaris:	Petra Luus (Pretoria)	<a href="mailto:petra@es.org.za">petra@es.org.za</a>	012 325 7885
Ledeseekretaris:	Celeste Rossouw (Pietermaritzburg)	<a href="mailto:celrossouw@gmail.com">celrossouw@gmail.com</a>	082 392 0495
Tesourier:	Leonie Marais-Botes (Pretoria)	<a href="mailto:leoniembotes@gmail.com">leoniembotes@gmail.com</a>	082 576 6253
Tydskrif-redakteur:	Elize van Eeden (Pretoria)	<a href="mailto:Elize.VanEeden@nwu.ac.za">Elize.VanEeden@nwu.ac.za</a>	082 752 8839
Akkrediasie:	Anton van Vollenhoven (Pretoria)	<a href="mailto:antonv@archaetnos.co.za">antonv@archaetnos.co.za</a>	083 291 6104
<i>Sonnerad</i> -redakteur	Claudia Gouws (Vereeniging)	<a href="mailto:claudiagws@mweb.co.za">claudiagws@mweb.co.za</a>	079 4666 207
Suidelike Streektak:	Annemarie van Zyl (Wellington)	<a href="mailto:ammievanzyl@cornergate.com">ammievanzyl@cornergate.com</a>	083 230 6911
Argivaris:	Nandor Sarkady (Pretoria)	<a href="mailto:argief@nhk.co.za">argief@nhk.co.za</a>	072 365 5078
Addisionele lede:	Alana Bailey (Pretoria)	<a href="mailto:alana@afriforum.co.za">alana@afriforum.co.za</a>	086 102 0030
	Annemarie Carelsen (Pretoria)	<a href="mailto:acarelsen@gmail.com">acarelsen@gmail.com</a>	082 808 0529
	Estelle Pretorius (Pretoria)	<a href="mailto:navorsing@es.org.za">navorsing@es.org.za</a>	084 337 9505

## HERITAGE AND MUSEUM NEWS/ERFENIS EN MUSEUMNUUS

Quanta Pretorius berig die volgende vanuit die Riemland Museum in Heilbron: Die museumruimte was vanaf 1912 tot 1979 die Joodse Sinagoge op Heilbron. In 1985 het Bloemfontein Museumdienste die gebou ingerig as 'n museum. Ongelukkig het die museum vanaf 2007 baie agteruitgegaan. Gevolglik het die Departement Kuns en Kultuur die artefakte in 2014 oorhandig aan die Heilbron Riemland Museum Komitee. Afri Forum het onlangs finansiële bystand verleen om die Museum te restoureer en te verf. Quanta en haar span het die museum verlede jaar heringerig en is tans baie trots op hul Museum. Tweedens toon daar goeie vordering vir die nuwe ablusiegeriewe op die **Vegkop** Slagveldterrein 20 km buite Heilbron in die Vrystaat. Die projek word in drie fases aangepak. Einde September was die sooi gespit en teen Oktober was die eerste fase afgehandel, wat behels die rioolaanleg. Fase twee, die platform is amper klaar. Fase drie is die oprigting en voltooiing van die gebou. Daar is ongelukkig nie voldoende fondse om die geriewe klaar te bou nie, maar hulle beplan om met behulp van donasies die terrein op te knap. Verder is die **Konsentrasiekamp-monumentterrein** in die Heilbron Begraafplaas ter nagedagtenis aan die 781 vrouens en kinders wat tydens die ABO gedurende 1901 in die kamp gesterf het, twee jaar gelede deur die Erfenis Stigting gerestoureer. Tans help AfriForum hulle met fondse om die terrein in stand te hou. Vir meer inligting, kontak Quanta Pretorius [quart@telkomsa.net](mailto:quart@telkomsa.net) sel 0828212410, Posbus 294, Heilbron 9650.

Marthinus van Bart [kultuurkroniek@gmail.com](mailto:kultuurkroniek@gmail.com) het 'n kultuurhistoriese webtuiste, KultuurKroniek, op die FAK se webwerf. Vir diegene wat mag belangstel is die regstreekse skakel daarheen [www.fak.org.za/kultuurkroniek/](http://www.fak.org.za/kultuurkroniek/).

Volgens die Besturende Direkteur, me Cecilia Kruger [bemarking@vtm.org.za](mailto:bemarking@vtm.org.za) was 2016 'n besondere goeie jaar by die **Voortrekker Monument** in Pretoria. Die besoekersgetalle het met 'n 27% per jaar gestyg en in November 2016 het besoekersgetalle selfs met 105% gestyg (in vergelyke met die vorige jaar), waarvoor hulle baie dankbaar is. Sy berig in die Maart nuusbrieff oor studente groepe wat die monument in Februarie 2017 uit Switserland en Rusland besoek het. Die laasgenoemde groep studeer almal Afrikaans aan die Universiteit van Moskou en praat die taal vlot. Hulle ken die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog en dit was 'n vreugde om hulle deur die Monument te neem. Die Monument is voorts op 5 Februarie 2017 blou verlig ter ondersteuning van Internasionale Kinderkankerdag, nadat die Monument op kort kennisgewing genader is om met die CHOC-projek Childhood Cancer Foundation van SA te help wat d.m.v bewusmaking poog om hierdie siekte vroeg onder kinders te identifiseer. Die antiek- & versamelaarsmark is op 21 Maart 2017. Verder sal die Gerard Moerdijk gedenklesing en die amptelike opening van die nuwe, permanente uitstalling van die oorspronklike klein gipspaneel van die fries, plaasvind op Woensdag, 29 Maart 2017. Kaartjies sal te koop wees by die agterdeur van die Senotaafsaaal. Kontak [ellenmarie@vtm.org.za](mailto:ellenmarie@vtm.org.za) vir meer inligting.

The Chairman of the **Council of Military Veterans' Organisations (CMVO)**, Major-General Gert Opperman, send a sincere word of special appreciation to Manus Myburg and his colleagues at BusinessPrint. They came to the Ebo Trust's rescue to lay out and print a glossy publication and programme for the memorial service at Nanyuki War Cemetery on 23 March 2017. His request to all friends who have photos of any memorials and military cemeteries is to make them available electronically, so that he can enter them into the CMVO data base. His contact details are Tel 0765107451, fax 0866159587 or [gertopperman5@gmail.com](mailto:gertopperman5@gmail.com).

Belanghebbenes word genooi na die jaarlikse herdenkingsdiens by die SAW Muur van Herinnering op Sondag, 28 Mei 2017. Indien u graag 'n verpersoonlikte uitnodiging wil ontvang, stuur u inligting per epos aan [ceremonies1@gmail.com](mailto:ceremonies1@gmail.com).

For those interested in heritage and archaeology and for daily information on archaeology, art and history, view the following webpages [www.heritageportal.co.za](http://www.heritageportal.co.za), and [www.pasthorizonspr.com](http://www.pasthorizonspr.com) or [www.thehistoryblog.com](http://www.thehistoryblog.com).

## KORT KURSUSSE OOR KULTUUR EN ERFENIS

Prof Matilda Burden, dosent in kultuurgeskiedenis, erfeniskonsultant, museumkundige, navorser en spreker bied die afgelope agt jaar kort kursusse aan deur die Universiteitsmuseum van Stellenbosch. Die kursusse handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe binne die veld van kultuur en erfenis, soos: inleiding tot museumkunde; erfenisbewaring; argitektuurstyle; meubelkunde; en piktorale africana. Dié kursusse is

geakkrediteer en kandidate sal sertifikate van bywoning of bevoegdheid ontvang. Die duur daarvan is drie dae (15 uur) per kursus. Die gewone tarief is R2000-00 per persoon per kursus, maar oor die afgelope drie jaar het die maatskappy Historiese Huise van Suid-Afrika Bpk twee kursusse per jaar geborg, sodat elke kandidaat slegs R300 betaal het. Indien daar 'n behoefte in u omgewing is vir die aanbied van enige van hierdie kursusse (verkieslik twee direk na mekaar binne een week), kan daar gereël word dat Historiese Huise dit moontlik borg. Die eerste plek (museum, dorp of bestemming) wat daarvoor aansoek doen, sal oorweeg word vir die borgskap. Daar word drie tot vier kursusse per jaar aangebied en dit bly steeds baie gewild en die terugvoer van kandidate is baie positief. In 2015 het Salma Patel van die Fietas Museum in Johannesburg twee van die kursusse in Sophiatown bygewoon. Sy was baie entoesiasties en het aangedui dat sy baie geleer het en toepassings kon maak in haar werksomgewing. Indien u belangstel om kursusse in u omgewing te huisves, kontak Matilda Burden by [mb4@sun.ac.za](mailto:mb4@sun.ac.za).

## KONGRESSE/ CONFERENCES

Die finale datum vir die kongres en algemene jaarvergadering van die SAVK is nou 1-2 September 2017. Die plek is Graaff-Reinet. Ons stuur later die eerste omsendbrief en oproep tot referate.

On behalf of the organizing committee we are inviting you to submit your abstracts and register to attend the 8<sup>th</sup> annual ecohealth and wellbeing conference scheduled for 24 & 25 August 2017 at the Saint George Hotel & Conference Venue, Centurion. Contact Petra Lawson should you need more information [conferencepl@gmail.com](mailto:conferencepl@gmail.com).

## PUBLIKASIES

Anton C. van Vollenhoven se gids, *Erfenisriglyne: 'n praktiese gids vir alledaagse gebruik*, het ten doel om praktiese riglyne daar te stel wat deur die algemene publiek gebruik kan word om die kultuurerfenis van hulle omgewing te beskerm. Dit gee 'n kort oorsig oor die wetgewing en die metodiek van erfenisbewaring en wys spesifiek uit tot watter mate gemeenskappe self by erfenisbestuur betrokke kan raak. Die outeur, het meer as 25 jaar se ervaring in erfenisbewaring en het reeds meer as 700 erfenisverwante projekte afgehandel. Daar het 78 werke, hoofsaaklik artikels, uit sy pen verskyn, terwyl hy ook gereeld as spreker in hierdie verband optree. Hy werk as erfeniskonsultant, maar is ook buitengewone professor in Geskiedenis aan die Noordwes Universiteit se Mafikeng kampus. Die gids is in A5 formaat, om hantering te vergemaklik en beloop 40 bladsye. Enkele illustrasies is ook ingesluit. Bestel die gids by [antonv@archaetnos.co.za](mailto:antonv@archaetnos.co.za).

Marthinus van Bart het navorsing gedoen oor die rol van die diatoniese harmonika as pioniersinstrument in die Suid-Afrikaanse volksmusiek. Hy het *Mondfluitjie om die kampvuur* as 'n leerboek vir beginners in harmonika-en-kitaar in Afrikaans gepubliseer. Dit is die eerste keer dat so 'n boek in Afrikaans gepubliseer word. Verder gee hy formeel klas by 'n musiekskool in Sanlamhof, Bellville, in harmonika-en-kitaar vir beginners. Dit is die eerste keer dat hierdie vak formeel by enige SA musiekskool aangebied word. Van Bart het 'n kultuurhistoriese webtuiste, KultuurKroniek, op die FAK se webwerf. Die

regstreekse skakel daarheen is [www.fak.org.za/kultuurkroniek/](http://www.fak.org.za/kultuurkroniek/). Kyk gerus ook na sy trilogie oor Suid-Afrikaanse musiek wat op die FAK se webtuiste in die geskiedenis-afdeling gepubliseer is.

“Beeplants of South Africa” by Martin Johannsmeier was launched as a result of author Martin Johannsmeier’s years of research. Martin is a retired entomologist of the Plant Protection Research Institute of the Agricultural Research Council. This book is an excellent resource for anyone wishing to plant bee-friendly plants, and those who seek a broad understanding of honey bee forage needs and resources in South Africa. The book is published by the South African National Biodiversity Institute and the Stellenbosch University.

Prof. Matilda Burden se boek *Ou-Kaapse meubels – Studies in style* asook die Engelse weergawe, *Old Cape furniture – Studies in styles*, hardeblad met ‘n stofomslag, glanspapier, 436 bladsye, 1220 volkleurfotos is beskikbaar vanaf die outeur by [mb4@sun.ac.za](mailto:mb4@sun.ac.za).

## SUKSESVOLLE PROJEKTE, KONFERENSIES/FUTURE CONFERENCES

Op 30 September 2016 het die **Suidelike Streektak van die SAVK** ‘n suksesvolle simposium aangebied in samewerking met die e’Bosch-Erfenisprojek van Stellenbosch. Die tema was: Monumente: staan, val of bou?

Water our common culture was the theme of the Khuluma Sizwe Dialogue Series: Celebrating our precious heritage our water, our culture. Date: 22 September 2016. Venue: Protea Hotel, Centurion. As South Africa commemorates National Heritage Day during the month of September, the **Water Research Commission (WRC)** has taken this opportunity to emphasise water’s role in various aspects of our country’s rich heritage. By hosting a Khuluma Sizwe dialogue (a discussion platform open to the public), the WRC looks at the artistic, historical, socio-cultural and socio-political heritage of water through the eyes and experiences of notable figures in the fields of research and culture, politics and history.

Die **Erfenisstigting** het besluit om die Staatsteater se 35ste bestaansjaar te vier met ‘n uitstalling in die Erfenisentrum se galery. In samewerking met sommige van die teater se personeellede, is die nodige navorsing gedoen en begin om die uitstalling te beplan. Die Staats teater het ingestem dat kostuums en ander items vir ‘n tydperk van twee jaar aan die Erfenisstigting geleen mag word, en die uitstalling is sonder probleme voltooi en op 21 Julie tydens ‘n feestelike geleentheid geopen. Die Besturende Direkteur van die Staatsteater en ander personeellede, asook ‘n paar bekende akteurs en sangers het die geleentheid bygewoon. Die uitstalling is daaglik van 8 vm tot 4 nm oop vir die publiek, en navrae kan gerig word aan Riana Mulder by [museum@es.org.za](mailto:museum@es.org.za).

Ons wil graag hê dat al ons lede en enige ander belangstellendes moet kennis neem van die indeksering van tydskrifreekses wat pas voltooi is en wat binnekort op die webtuiste van die SAVK beskikbaar sal wees. Die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*

*/South African Journal of Cultural History* is geïndekseer vanaf 1(1), Januarie 1984 tot 29(2), Desember 2015 (547 artikels). Hierdie tydskrif is geakkrediteer (artikels verdien dus staatsubsidie) en bevat vakwetenskaplike artikels wat deur 'n eweknie-beoordelingsproses gegaan het. Die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* is geïndekseer vanaf 1(1), Augustus 1944 tot 58(2), November 2002 (1007 artikels). Die tydskrif is nie geakkrediteer nie, maar bo en behalwe die kort, informele artikels wat nie noodwendig wetenskaplik nagevors is nie en dikwels slegs optekeninge van volkskundige aard is, is daar ook 'n groot aantal deeglik nagevorsde artikels met uiters waardevolle en bruikbare inligting. Die tydskrif is gestaak.

## DANKBETUIGINGS/REWARDS

In 2016 is Erfenis Suid-Afrika se goue medalje en sertifikaat aan Salma Patel en die Fietas Museum toegeken vir die besondere werk wat daar gedoen word in 'n area wat vroeër deur gedwonge verskuiwings ontwig is.


## INLIGTING/INFORMATION

Lede word aangemoedig om te akkrediteer. Vorms is beskikbaar by dr Anton van Vollenhoven by [antonv@archaetnos.co.za](mailto:antonv@archaetnos.co.za).

Ons wil u herinner aan die lidmaatskapshernuwings vir 2017. Die vorm is in die agterblad van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Indien u, u betaling gedoen het, e-pos asseblief 'n skandering van u vorm asook van die bewys van betaling aan Celeste Rossouw by [celrossouw@gmail.com](mailto:celrossouw@gmail.com).

Ons soek altyd nuus van die museums en bewaringsorganisasies, en nuus van ons lede. Foto's is natuurlik welkom. Daar word 'n beroep op lede gedoen om inligting en foto's, personalia/uitnemende werk m.b.t Kultuurgeskiedenis/museums en erfenissake vir ons volgende Sonnerad (Junie 2017) aan Claudia Gouws [claudiagws@mweb.co.za](mailto:claudiagws@mweb.co.za) te stuur.

Hierdie uitgawe van die Sonnerad is saamgestel en versorg deur Claudia Gouws

<p>Die Sekretaris SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis Posbus 11403 Hatfield 0028, RSA <a href="mailto:petra@es.org.za">petra@es.org.za</a></p>		<p>The Secretary SA Society for Cultural History PO Box 11403 Hatfield 0028, RSA <a href="mailto:petra@es.org.za">petra@es.org.za</a></p>
---	---	---